

## **Sing vooraf staande: Psalm 20:1, 2, 5 (p. 90)**

- 1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!  
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!
- 2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,  
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.
- 5 Ons wil oor u oorwinning juig – / die vaandels jubel mee!  
Ons loof die Naam van onse God. / Mag Hy u wens u gee!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 66:1, 9 (p. 320)**

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!  
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.  
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;  
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 9 Lof sy Gods goedertierenhede, / sy Naam sy ewig lof en prys!  
Hy het gehoor na my gebede, / my onverhoord nooit afgewys.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 38:1, 17 (p. 189)*

**Wet**

## **Psalm 38:1,17 (p. 189)**

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.  
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!  
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

**Gebed**

*Doksologie:*

*Aanbidding:*

*Skuldbelydenis:*

*Vergifnis:*

*Dank:*

*Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*

*Algemene bede:*

*Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

*Amen.*

## **Psalm 68:2 (p. 331)**

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

**Skriflesing: Jeremia 9**

Teks: Jeremia 9:24; Kategismus Sondag 47

**...maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.** (Jeremia 9:24 AFR1953)

Die eerste ding wat ons baie duidelik vir onself moet kry, is dat daar 'n baie groot verskil tussen ons natuur en die natuur van die Here is.

- Adam het byvoorbeeld in opdrag van die Here vir die diere name gegee. Kom ons sê dit effens anders: Hy het vir die dinge name gegee wat deur die Almagtige geskape is.
- Deur dit te doen het hy elke keer die openbaring van die Almagtige God voor hom gesien, en moes hy dit aanbidkend benoem.
- Net dit wys al hoeveel ons kleiner en swakker as die Here is.

Die Here se Naam is sy Wese – en in die ou tyd was hulle bang om die Naam van die Here te sê uit respek vir sy grootheid.

Dit bring ons by die vraag: Hoe kan ons, die onheiliges, God wat ewig heilig is, met woorde of aanbedding eer? Job het eenkeer 'n soortgelyke vraag gevra:

**Kan 'n man aan God 'n diens bewys? Nee, aan homself bewys die verstandige 'n diens. Het die Almagtige daar belang by dat jy regverdig is? Of is dit voordeel vir Hom dat jy onberispelik wandel?** (Job 22:2-3 AFR1953)

Ons gee in hierdie preek aandag aan drie sake:

1. **Die werk van die engele**
2. **Die gebed van die gelowiges**
3. **Die Here Jesus Christus en sy liefde vir ons**

#### 1. **Die werk van die engele**

Daar is iets wat die engele doen, wat almal van ons wat eerlik aanbid, graag wil doen.

- Dit is om die Here te aanbid en te verheerlik soos wat dit behoort te wees. En seker nog belangriker – omdat dit werklik spontaan en uit die diepte van ons harte kom. Dit is presies waar die eerste bede van die *Onse Vader* inpas: **Laat u Naam geheilig word.**
- Die engele wat nie saam met die Satan in sonde geval het nie, is bekwaam om die Here volmaak te dien en te aanbid.
  - Hulle hele voortbestaan bestaan daarin.
  - Hulle het natuurlik toegang tot die volmaakte hemel waar God se troon is.
- Wat moet ons doen wat hulle doen? Ons moet die Kom ons kyk wat staan in die Bybel.
- Dit beteken dat ons by die Heilige God smeeke dat Hy ons heilig maak sodat ons kan verstaan wat ons moet doen om Hom te heilig, maar ook sodat ons in staat is om die regte dinge te doen dat ons Hom eer.
  - Die Here gee aan ons die opdrag om heilig te wees. Dink maar byvoorbeeld aan Levitikus 19:2 (AFR1953):

**Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.**

Die engele het dieselfde opdrag. Daarom is almal van hulle wat teen die Here in opstand gekom het omdat hulle sy heiligheid vir hulle wou hê, uit die hemel uitgewerp.

- Die wat nou daar in die hemel is, prys God dag en nag (Psalm 103:20). Die Here sê van hulle: **Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!** (Psalm 103:20 AFR1953)
- Logies is dit wat ons ook moet doen: Ons moet in die Here bly wees en juig; ons moet psalmsing tot eer van sy Naam, die Naam van die Allerhoogste (Psalm 9:2).
- Die Here gee ook vir ons presies hierdie opdrag:  
**Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.** (1 Korintiërs 6:20 AFR1953).

Kom ons vat dit saam: Ons en die engele is almal skepsele.

- Ons is almal geskape tot eer van die Here en ons moet die lof aan die Here saam uitjubel.
- Jesaja het by die Here die genade ontvang dat hy eenkeer gesien het hoe dit in die hemel gebeur. Hy het gesien en gehoor hoe die engele die een die ander toeroep en sê:  
**Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!** (Jesaja 6:3 AFR1953).

## 2. Die gebed van die gelowiges

Ons weet mos hoe ons is! Dit is mos nie sonder rede dat ons in ons belydenis sê dat ons van nature geneig is om God te haat nie!

- Ons het nie vanself lus om die Here te aanbid nie. Maar dit is verkeerd dat dit so is en dit moet verander.
- Soos die engele moet ons ons lewe en ons saligheid vind in die lofprijsing aan God. Dink aan die bekende woorde:  
**U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.** (Openbaring 4:11 AFR1953)

Al is ons op die aarde, ons is deur die Here Jesus Christus verlos van ons sondes.

- Daarom word die mense wat werklik in God glo, deur die Heilige Gees gedryf om te bid dat die Here se Naam in hulle lewens geheilig moet word.
- Elke mens wat sy sonde en die nood om daaruit verlos te word, verstaan, het net hierdie begeerte in sy hart dat hy vernuut wil word.
- Hy wil nader aan die Here leef en hy wil die teenwoordigheid van die Here al meer in sy lewe belewe.

Dit is hoe dit met ons moet wees. As ons bid dat die Here se Naam geheilig moet word, is dit nie in die eerste plek 'n belydenis of 'n verklaring nie:

- Dit is 'n smeekgebed waarmee ons voor die Here gaan staan en pleit dat ons deur Hom verander moet word sodat ons nader na Hom toe groei en Hom meer en beter met ons hele lewe kan verheerlik.
- Hoe heiliger die Here se Naam in my lewe is, hoe meer kan ek Hom dank omdat Hy my van my sondes verlos het.
- Maar terselfdertyd kan ek ook meer in gemeenskap met Hom lewe.

Hierdie gebed dat die Here se Naam in my lewe geheilig moet word, is natuurlik ook 'n voorbereiding op die ewige lewe.

- Dit is juis omdat ons weet dat daar 'n lewe na hierdie een is dat ons besef dat ons net daar kan kom as die Here my daarvoor voorberei. Hy laat ook net diegene daar toe wat Hom regtig geken en aanbid het.
- As gevolg van my sondes kan ek Hom nie spontaan en reg aanbid met alles wat ek doen nie, en daarom moet ek altyd aanhou bid: *Laat u Naam geheilig word*, want ek wil die Here reg ken, en ek wil Hom prys wanneer ek Hom aanbid.
- Vir 'n ware gelowige is dit die lus van sy siel.

Ons roep ook uit saam met Deuteronomium 32:3:

**Want die Naam van die HERE roep ek uit: Gee grootheid aan onse God!** (Deuteronomium 32:3 AFR1953)

### 3. Die Here Jesus Christus en sy liefde vir ons

Die Here Jesus het in sy hoëpriesterlike gebed iets gesê wat by elkeen van ons moet vassteek:

**En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.** (Johannes 17:3 AFR1953)

Dit is waaroor alles gaan. Jesus Christus wil ons in die ewige lewe hê. En al manier hoe ons daar kan kom, is as ons die Here ken.

- Daarom kom Hy aarde toe en sterf tot versoening van ons sondes, sodat die versperring van die sonde weggebreek kan word.
- Nou kan ons God weer ken, want die versoening van die Here Jesus Christus maak dit moontlik. Die doel van sy koms was immers om ons te verlos en om ons van ons verlossing te verseker.

Een van die dinge wat gebeur het as gevolg van die kruisiging van die Here Jesus, is dat die Heilige Gees oor die kerk – dit is ons – uitgestort is. Nou lei die Heilige Gees ons om te bid en ook met wat ons moet bid.

Die inhoud van die gebed is dat God ons wat onheilig en skuldig is in staat stel om Hom te kan aanbid soos wat dit behoort gedoen te word omdat ons weet wie Hy regtig is.

Dit is belangrik dat ons moet weet dat ons hierdie gebed nie om selfsugtige redes moet bid nie.

- Met ander woorde ons moenie net bid vir ons eie verlossing en ons persoonlike verhouding met die Here nie, al gaan dit natuurlik ook daaroor.
- Maar dit is ook so dat daar van elkeen van ons 'n kragtige getuienis moet uitgaan na alle mense in die wêreld toe sodat hulle ook kan weet wie die Here is.

Natuurlik is dit so dat almal wat ons getuienis hoor en wat sien hoe ons die Here aanbid, nie tot bekering kom nie.

- Maar dit is ook so dat hulle in die eindoordeel voor God gaan staan, en dan gaan die Here ons getuienis gebruik om hulle te veroordeel.
- Hulle moet by ons sien en hoor van God sodat hulle hulleself nie eendag in die eindoordeel kan verontskuldig omdat ons nie ons roeping en ons getuienis teenoor die Here nagekom het nie.

Sien u hoe baie belangrik dit is dat ons die krag van die Here Jesus se genade aan die hele wêreld openbaar?! En omdat ons dit nie vanself kan doen nie, bid ons dat God die Vader ons sal help om dit te doen omdat Hyself sy Naam in ons lewens heilig maak.

Ons onthou mos wat daar in Matteus 25:31 staan:

**En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;** (Matteus 25:31 AFR1953)

Kom ons wag ons Here in met die wete dat God sy Naam onder ons heilig maak sodat ons die heerlijkheid van Christus met ander kan deel.

- Dit vra natuurlik dat ons elke dag 'n bekeringslewe sal lewe. Al is dit moeilik, die engele hou ons dop. Die Here sê van hulle:

**So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer** (Lukas 15:10 AFR1953).

Ons het 'n baie groot troos, en dit is dat ons weet dat die Here in sy genade maak dat ons tot bekering kom waar ons sonde doen.

- Hy maak ook dat ons Hom kan ken, al is ons eie natuur nie daarop ingestel om die Here te ken en te aanbid nie.
- U ken mos die bekende woorde in Jeremia waar die Here belowe het dat Hyself ons sal verander:

**Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie** (Jeremia 31:33-34 AFR1953).

Laat ons Kategismus Sondag 46 saam lees.

**122. Vr. Wat is die eerste bede?**

**Antw.** *Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee ons eerstelik, dat ons U reg ken (a) en U in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid helder skyn, mag heilig, roem en prys (b); dan ook dat ons ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en werke so skik en rig dat u Naam om ons ontwil nie gelaster word nie, maar geëer en geprys word (c).*

Mag ons ook wees soos wat die Psalmdigter sê:

**My mond is vol van u lof, die hele dag van u roem** (Psalm 71:8 AFR1953).

En ons maak ons roem dit wat ons teksvers sê:

**...maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.** (Jeremia 9:24 AFR1953)

**Amen.**

Slotgebed

## Slotpsalm 144:1 (p. 691)

1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;  
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;  
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;  
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**

**Gereformeerde Kerk Bellville**

**Datum: 2 Januarie 2011**

**In opdrag van die Kerkraad oorgepreek 23 Januarie 2011 tydens die oggenddiens**

## Meegaande Bybelverse

(a)

Joh 17:3 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

Jer 9:24 maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

Jer 31:33, 34 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Matt 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

Jak 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word.

Ps 119:105 *Noen*. U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

(b)

Ps 119:137 HERE, U is regverdig, en reg is u verordeninge.

Luk 1:46, 47 En Maria het gesê: My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker;

Luk 1:68, 69 Geloofd sy die Here, die God van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en 'n horing van heil vir ons opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg –

Rom 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!

(c)

Ps 71:8 My mond is vol van u lof, die hele dag van u roem.

Ps 115:1 Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil.